Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# REKENINGKUNDE V2
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, 'n 1-bladsy formuleblad
en 'n 9 bladsy-antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD met finansiële aanwysers is by die vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| **VRAAG 1: 35 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekonsiliasies**<br>**BTW** | **Finansiële Rekeningkunde**<br>• Begrippe, Bank en Krediteurerekonsiliasie<br>**Bestuur van Hulpbronne**<br>• BTW-berekeninge<br>• Interne beheer |

| **VRAAG 2: 53 punte; 40 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vervaardiging en Kosteberekeninge** | **Bestuur van Hulpbronne**<br>• Begrippe, berekeninge en vertolking van voorraad-inligting<br>• Gelykbreek |

| **VRAAG 3: 37 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begrotings** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Debiteure-invordering<br>• Interne beheer<br>• Etiek |

| **VRAAG 4: 25 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Vaste Bates**<br>**Interne beheer** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Bateverkope<br>• Interne beheer |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: REKONSILIASIES EN BTW (35 punte; 30 minute)

### 1.1 BEGRIPPE

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.2) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 'n Eksterne ouditeur sal die Bankrekonsiliasiestaat aan die einde van elke maand wil bestudeer. (1)

1.1.2 'n Debietsaldo in die Bankstaat is 'n aanduiding van 'n oortrokke saldo. (1)

### 1.2 BANKREKONSILIASIE

Die boekhouer van Russel & Seun het die Bankstaat op 31 Julie 2020 ontvang en met die Kontantjoernale vir Julie 2020 vergelyk.

**GEVRA:**

Gebruik die nodige inligting om die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2020 te voltooi en bereken die korrekte saldo van die Bankrekening. (8)

**A.** Op 31 Julie 2020 toon die Bankstaat 'n batige saldo van R3 600.

**B. Items op die Bankstaat vir Julie 2020 wat nie in die kontantjoernale voorkom nie:**

- 'n Onbetaalde tjek vir R820 wat oorspronklik ontvang is van debiteur, L. Red, ter vereffening van sy skuld van R850, is geweier weens onvoldoende fondse.
- 'n Huurder, N. Bergh, het die huur vir Junie 2020, R2 500, direk in die besigheid se lopende bankrekening gedeponeer.
- 'n Debietorder vir die eienaar se selfoonrekening, R1 400.
- Kredietkaartheffings en diensgeld, R360.
- 'n Deposito van R3 800. Daar is vasgestel dat die rekening van Russel & Seun verkeerdelik gekrediteer is. Die bank sal dit gedurende Augustus 2020 regstel.

**C. Items in die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal wat nie op die Bankstaat voorkom nie:**

- Deposito op 29 Julie 2020, R15 200
- Tjeks:
  Nr. 231 R2 020 (gedateer 26 Julie 2020)
  Nr. 235 R1 570 (gedateer 31 Augustus 2020)

**D. Ongemerkte items in die Bankversoeningstaat vir Junie 2020:**

Tjek nr. 156, R2 860 (gedateer 5 Januarie 2020)

1.3 **KREDITEUREREKONSILIASIE**

Lavender Verskaffers het ’n rekeningstaat van ’n krediteur, Bramley Handelaars, ontvang. Die saldo op die staat stem nie ooreen met die saldo van Bramley Handelaars se rekening in die Krediteuregrootboek van Lavender Verskaffers nie.

**GEVRA:**

1.3.1 Bramley Handelaars se kredietterme is 60 dae. Lavender Verskaffers verkies om hul rekening sommige maande binne 30 dae te vereffen. Verskaf TWEE punte om aan te dui dat dit nie ’n goeie besluit is nie. (4)

1.3.2 Teken die volgende foute en weglatings in die tabel in die ANTWOORDEBOEK aan en bereken die korrekte saldo en totaal. (10)

Skryf die bedrae in die toepaslike kolomme en dui die vermeerdering of vermindering met ’n (+) of (-) aan.

**INLIGTING:**

Die saldo van Bramley Handelaars in die Krediteuregrootboek van Lavender Verskaffers, R21 130. Die saldo van die staat ontvang van Bramley Handelaars, R32 600.

Foute en weglatings ontdek:

**A.** ’n Faktuur vir R13 300 ontvang van Bramley Handelaars, is korrek aangeteken in die Krediteuregrootboekrekening. Op die staat is die bedrag verkeerd aangeteken as R11 200.

**B.** Lavender Verskaffers het 10% korting op ’n betaling van R3 000 op 19 Februarie 2020 aangeteken. Bramley Handelaars het nie hierdie korting toegelaat nie aangesien die betaling laat ontvang is.

**C.** Goedere teruggestuur, R500, verskyn op die staat wat ontvang is. Lavender Verskaffers se boekhouer het vergeet om hierdie transaksie aan te teken.

**D.** Goedere aangekoop van Bramley Handelaars, R3 035 is as ’n debietnota in die Krediteuregrootboekrekening aangeteken.

**E.** 'n Direkte oordrag vir R7 000 deur Lavender Verskaffers is op 27 Februarie 2020 in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken. Korting ter waarde van R700, vir vroeë betaling is ook aangeteken. Die rekeningstaat van Bramley Handelaars is as 25 Februarie 2020 gedateer.

1.4 **BTW**

Die Batteryspesialis is geregistreer vir BTW-doeleindes. Die standaardkoers van 15% BTW is van toepassing, waar nodig.

Die inligting het betrekking op die BTW-periode wat op 31 Augustus 2020 eindig.

**GEVRA:**

1.4.1 Bereken die BTW-bedrag betaalbaar/ontvangbaar aan/van SAID. (9)

1.4.2 Die interne ouditeur het ontdek dat twee groot verkooptransakies op krediet, vir R598 000 gedurende Augustus 2020, nie in die toepaslike joernaal aangeteken is nie. Die eienaar dring daarop aan dat hierdie transaksies gedurende September 2020 aangeteken moet word, as gevolg van huidige kontantvloeiprobleme.

Gee EEN rede waarom die ouditeur nie met hierdie verduideliking tevrede sal wees nie. (2)

**INLIGTING:**

| Besonderhede van transaksies | BTW UITGESLUIT | BTW | BTW INGESLUIT |
|---|---|---|---|
| Fakture vir kredietverkope aan klante uitgereik | | | R1 415 880 |
| Fakture van verskaffers ontvang | R952 000 | | |
| Kredietnotas van verskaffers ontvang | | R9 240 | |
| Korting toegestaan aan debiteure vir vroeë betaling van rekeninge | | R5 520 | |
| Debiteure-rekeninge as oninbare skuld afgeskryf | R15 600 | | R17 940 |
| Handelsvoorraad deur eienaar vir sy persoonlike gebruik geneem | | R252 | |

**TOTAAL 35**

## VRAAG 2: VERVAARDIGING EN KOSTEBEREKENINGE (53 punte; 40 minute)

### 2.1 VERVAARDIGING

Jy word voorsien van inligting rakende Kampioen Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

**GEVRA:**

2.1.1 Voltooi die volgende Grootboekrekeninge:

- Grondstofvoorraad (14)
- Werk-in-prosesvoorraad (12)
- Klaarproduktevoorraad (8)

2.1.2 Bereken die bruto wins vir die jaar. (3)

2.1.3 Bereken die winsgrenspersentasie. (4)

**INLIGTING:**

**A.** Die volgende voorraad is op hande:

| | **R**<br>**29 Feb 2020** | **R**<br>**28 Feb 2019** |
|---|---|---|
| Grondstofvoorraad | 85 500 | 107 000 |
| Werk-in-prosesvoorraad | 86 414 | 25 800 |
| Klaarproduktevoorraad | 25 400 | 126 400 |
| Verbruiksgoedere voorhande (indirekte materiaal) | 1 800 | 9 600 |

**B.** Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020.

| | **R** |
|---|---|
| Kantoorskryfbehoeftes aangekoop | 4 350 |
| Grondstowwe kontant aangekoop | 250 000 |
| Grondstowwe op krediet aangekoop | 158 000 |
| Indirekte materiaal kontant aangekoop | 19 900 |
| Vraggeld op aankope van grondstowwe kontant betaal | 15 400 |
| Verkope van klaar produkte | 1 520 000 |
| Advertensies | 28 200 |
| Voertuiguitgawes | 14 500 |
| Salarisse: Fabrieksvoorman | 90 000 |
| Administratiewe personeel | 110 000 |
| Verkoopspersoneel | 99 000 |
| Eiendomsbelasting | 20 040 |
| Versekering | 31 200 |
| Water en elektrisiteit | 30 000 |

Kopiereg voorbehou 

**ADDISIONELE INLIGTING**

- Grondstowwe ter waarde van R16 000, aangekoop van Elektronika Voorsieners, is op 29 Februarie 2020 teruggestuur. Hierdie transaksie is nie aangeteken nie.
- Direkte arbeidskoste beloop R214 749 vir die jaar.
- Die totale fabrieksbokoste vir die jaar beloop R216 965.

2.2 **KOSTEBEREKENINGE**

Jellytot Vervaardigers vervaardig sweetpakke vir kleuters. Die sweetpakke word verkoop teen ’n winsgrens van 50% op kosprys.

**GEVRA:**

2.2.1 Kies slegs die DRIE VASTE KOSTES uit die lys hieronder. (3)

| | | |
|---|---|---|
| Grondstofkoste | Direkte arbeidskoste | Voorman se salaris |
| Kommissie op verkope: Verkoopspersoneel | Boekhouer se salaris | Fabriekhuur |

2.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir Jellytot Vervaardigers. (4)

2.2.3 Dink jy Jellytot Vervaardigers moet oorskakel na ’n goedkoper verskaffer? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (5)

**INLIGTING:**

Die eienaar van Jellytot Vervaardigers voorsien jou van die volgende inligting:

- Verkoopprys per sweetpak: R160
- Veranderlike koste per sweetpak: R115
- Totale vaste koste: R945 000

Die eienaar lig jou in dat hy ’n nuwe verskaffer van grondstowwe ontdek het. Die materiaal sal na een was verbleik. Dit sal egter die die veranderlike koste na R95 verminder. Indien die besigheid die verkoopprys dieselfde hou, sal dit groter winste verseker.

**TOTAAL: 53**

## VRAAG 3: BEGROTING (37 punte; 30 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Peter Pan Skryfbehoeftes. Vuyo Radebe en sy vrou, Lydia, is die eienaars van die besigheid. Die winkel word bestuur deur Alvin Alberts, maar ’n mededinger het vir hom werk teen ’n verhoogde salaris aangebied.

**GEVRA:**

3.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om begrote syfers te vergelyk met werklike syfers wat vir daardie periode behaal is. (2)

3.2 Bereken die ontbrekende bedrae (aangedui deur **(a), (b)** en **(c)**) in die Debiteure-invorderingskedule vir die begrote periode Maart tot Mei 2020. (4)

3.3 Bereken die volgende begrote bedrae:

3.3.1 Totale begrote verkope vir Maart 2020 (2)
3.3.2 Begrote bedrae betaalbaar aan krediteure gedurende Mei 2020 (4)
3.3.3 Begrote salarisse vir die winkelassistente vir April 2020 (4)
3.3.4 Die verwagte persentasieverhoging in die salaris van die bestuurder in Mei 2020 (3)
3.3.5 Die bedrag van die addisionele lening wat na verwagting op 1 April 2020 verkry sal word (4)

3.4 ’n Beampte van die plaaslike munisipaliteit het aangebied om Peter Pan Skryfbehoeftes aan te beveel vir die lewering van skryfbehoeftes ter waarde van R500 000. Hy sal dit egter slegs doen indien Vuyo hom R20 000 kontant betaal.

Gee vir Vuyo advies in hierdie verband. Noem TWEE punte. (4)

3.5 Vuyo se vrou is kwaad omdat hy nie by die kontantbegroting gehou het nie. Vuyo sê hy het doelbewus nie by die begroting gehou nie omdat hy die totale resultate van die besigheid wou verbeter.

- Identifiseer DRIE oorspanderings in April 2020, behalwe voertuiguitgawes. Verskaf syfers om jou antwoord te ondersteun. Verskaf ook ’n geldige rede vir elke oorspandering om Vuyo se besluite te ondersteun. (6)

- Verduidelik hoe hierdie meningsverskil met sy vrou in die toekoms verhoed kan word. (2)

- Noem TWEE ander strategieë wat Vuyo en sy vrou in die toekoms kan oorweeg om die resultate van die besigheid te verbeter. (2)

**INLIGTING:**

**A. Verkope en debiteure-invordering:**

- Die TOTALE verkope vir April 2020 en Mei 2020 is as volg geskat:

| | |
|---|---|
| April 2020 | 70 000 |
| Mei 2020 | 78 750 |

- 80% van alle verkope is vir kontant. Die res is op krediet.
- Daar word verwag dat debiteure as volg sal betaal:

  60% in dieselfde maand waarin verkope plaasvind, onderhewig aan 4% korting
  38% in die maand wat volg op verkope
  2% van skuld word afgeskryf in die tweede maand na verkope

- **Debiteure-invorderingskedule:**

| | **KREDIET-VERKOPE R** | **2020 MAART R** | **2020 APRIL R** | **2020 MEI R** |
|---|---|---|---|---|
| Februarie | 31 500 | 11 970 | | |
| Maart | 10 500 | **(a)** | 3 990 | |
| April | 14 000 | | 8 064 | **(b)** |
| Mei | **(c)** | | | |
| | | | 12 054 | |

**B. Aankope van voorraad en betalings aan krediteure:**

- Die besigheid werk volgens 'n vaste voorraad-basis waarvolgens voorraad wat gedurende 'n maand verkoop word, aan die einde van daardie maand vervang word.
- Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 75% op kosprys.
- 70% van alle voorraad word op krediet aangekoop.
- Krediteure word ten volle betaal in die maand wat volg op die maand van aankope.

**C. Salarisse:**

- Gedurende Maart 2020 het die besigheid 12 winkelassistente, wat elkeen dieselfde verdien, indiens geneem. Gedurende April 2020 is nege van die winkelassistente geregtig op 'n bonus gelykstaande aan 80% van hul maandelikse salaris.
- Alle winkelassistente sal gedurende Mei 2020 'n algemene verhoging kry.
- Die bestuurder het in April 2020 'n bonus ontvang.

**D. Lening:**

'n Addisionele lening sal op 1 April 2020 teen 14% p.j. rente by Atlantis Bank uitgeneem word.

**E Uittreksel uit die kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Mei 2020:**

| | MAART | APRIL | | MEI |
|---|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTES** | **Begroot** | **Begroot** | ***Werklik*** | **Begroot** |
| Kontantverkope van voorraad | 42 000 | 56 000 | ***59 200*** | 63 000 |
| Invorderings van debiteure | 18 018 | 12 054 | ***12 800*** | ? |
| Huurinkomste | 5 600 | 6 160 | ***6 160*** | 6 160 |
| Addisionele lening bekom | 0 | ? | ***?*** | 0 |
| **BETALINGS** | | | | |
| Kontantaankope van voorraad | 9 000 | 12 000 | ***28 000*** | 13 500 |
| Betalings aan krediteure | 58 500 | 21 000 | ***21 000*** | ? |
| Salarisse van winkelassistente | 102 000 | ? | ***?*** | 110 160 |
| Salaris van bestuurder | 16 000 | 16 000 | ***40 000*** | 19 200 |
| Rente op lening (14% p.j.) | 6 300 | 7 175 | ***7 175*** | 7 175 |
| Afleweringskoste (vir aflewerings aan klante) | 9 200 | 9 200 | ***0*** | 9 200 |
| Versekering (jaarliks betaal) | 0 | 27 000 | ***27 000*** | - |
| Advertensies | 0 | 0 | 0 | 20 000 |
| Aankoop van voertuig | 0 | 0 | ***180 000*** | 0 |
| Voertuiguitgawes | 0 | 0 | ***4 000*** | 4 000 |
| Diverse uitgawes | 5 300 | 5 300 | ***5 300*** | 5 800 |

**TOTAAL: 37**

## VRAAG 4: VASTE BATES EN INTERNE BEHEER (25 punte; 20 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Everest Handelaars.

**GEVRA:**

4.1 Wat is 'n *Vastebateregister*? (2)

4.2 Bereken die waardevermindering op toerusting vir die jaar. (10)

4.3 Voltooi die Bateverkoperekening. (10)

4.4 Die eienaar is bekommerd oor die interne beheer van die besigheid se vaste bates. Stel DRIE interne beheermaatreëls voor wat geïmplementeer kan word. (3)

**INLIGTING:**

1. Die volgende saldo's verskyn in die algemene grootboek op 29 Februarie 2020, die einde van die finansiële jaar:

| **Vaste bates** | **Kosprys<br><br>29 Feb 2020** | **Opgehoopte waardevermindering 1 Maart 2019** |
|---|---|---|
| Toerusting | 645 000 | 180 000 |

2. **Toerusting:**
   - Verouderde toerusting is op 1 Desember 2019 ingeruil. Die kosprys van hierdie toerusting was R60 000 en die opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2019, R42 000.
     Die inruilprys van R22 000 is aanvaar en die kosprys van die nuwe toerusting was R90 000. Dit is korrek aangeteken.
   - Waardevermindering op toerusting word bereken teen 20% p.j. volgens die verminderde-saldo-metode.

**TOTAAL: 25**

**TOTAAL: 150**

## GRAAD 11 REKENINGKUNDE:
## FORMULEBLAD VIR FINANSIËLE AANWYSERS

| | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |

| | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ |
| Bedryfsbates **:** Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste |
| (Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente)**:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ |
| Langtermynlenings**:** Eienaarsbelang | Totale bates**:** Totale laste |